3. Voor is Herman van den Berg met kitaar, Matthys Maree, begeleier; agter: proff. Bernard Odendaal en Naòmi Morgan.

Accommodation Cape Town

Student accommodation Observatory

- Ideal for large/small groups (Sports groups/academics)
- Holiday accommodation
- Five-star budget accommodation
- Conveniently situated close to UCT and all that Cape Town offers
- Rate: • From R105 per person sharing (Bed and budget breakfast)
- Meals available upon request

Phone: 021 447 9056
Fax: 021 447 5192

E-mail: info@riverview.co.za
Website: www.riverview.co.za

Visit our website or contact us for additional information.

Naòmi se direkte vertaling:

Jojo,
vanaand soos al die ander aande
trek ons weer die wapenrusting aan.
Jy wen Saint-Nazaire terug
Ek tree weer op in die Olympia
vanuit die begraafplaas.

Naòmi se notas:

(Saint-Nazaire: 'n stad aan die Loire-rivier bekend vir sy skeepsverwerf,
wat omrent vernietig is gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Olympia:
bekende musiekteater in Parys.)

Bernard se verwerking:

Jojo,
op 'n aand soos vanaand
is dit als weer opwindend
wil jy Nazi's verdryf
ek teaters oorwin
uit die kerkhof vandaan.

Ten slotte, in die woorde van Afrikaanse skrywer Izak de Vries:
"... van al die Nederlandse, Afrikaanse en Engelse vertalings wat daar bestaan, is daar nie een ander stel beryming wat die integriteit – die ongeskondenheid dus – van Brel se oorspronklike musicaliteit beter behou nie. Wanneer Herman van den Berg Odendaal se woorde sing, kom die rouheid van Brel pragtig na vore." - Cindé Greyling

Duits

"Wanneer 'n tenoor in 'n opera gesteek word, bloei hy nie, hy sing!" – Al Jolson


Dit is min of meer wat Duitse liedmakers (Liedermacher) soos Reinhard Mey, Thomas Friz en Franz Josef Degenhardt gedoen het in hulle strewe om verwikkelinge in die Duitse geesteslewe tussen 1945 en 1989 te vertolk.

Die werk van die Liedermacher in die tydperk ná die einde van die Tweede Wêreldoorlog tot en met die val van die Berlynse Muur, weerspieël heelwat van dié hartseer stuk Duitse geskiedenis. Vyftien hoëgehalte liedere deur verskillende Duitse kunstenaars is gekies en in Afrikaans vertaal om 'n beeld hiervan te gee. Dié liedere – pittig, rebels, pragtig en roerend – is vervat in *Liedermacher in die skadu van die Skandmuur*. Dit is 'n musiekteaterstuk met sang, toneelspel en dataprojeksie oor die Liedermacher-beweging in 'n verdeelde Duitsland. Die konsep, navorsing en Afrikaanse liedvertalings is gedoen deur prof. Bernard Odendaal, met die medewerking van prof. Klaus von Delft en me. Ingrid Smuts. Al drie is van die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan ons universiteit. Die regie sal waargeneem word deur Gerben Kamper van die Departement Drama- en Toneelkunde, en die rolbesetting hoofsaaklik deur ander dosente en studente van die Kovsies.

Volgens Bernard herinner die werk van die Liedermacher in verskeie opsigte aan dié van beide die Voëlvry- en Musiek-en-liriekbewegings in Suid-Afrika in die jare '70 en '80. "Liedermacher in die skadu van die Skandmuur behoort Suid-Afrikaanse gehore ook om hierdie rede besonder te boei."

Die debuutopvoering word beplan vir 9 November 2009 – presies 20 jaar na die val van die Berlynse Muur. - Cindé Greyling

Sien in tale



Van die foto's wat in die Fransvertaalde weergawe van die *Bosveldgids* voorkom.



Probeer vir 'n Amerikaner, of Brit, in jou beste Engels verduidelik wat 'n 'boerboel' is. 'n *Farmerbull*? Of sal jy probeer verduidelik dat dit 'n *big yellow dog* is met 'n *black face* wat geteel is uit 'n paar ander honde om wag te staan op plase. Maar ook 'n *pet* is? Moeilik voorwaar. Probeer dit nou in Frans vir 'n Fransman verduidelik! Jy wil amper in die trant van die liedjie *Mamma, ek wil 'n man hê*, sing: *Nee, mamma, nee!* Want die woorde is daar nie!

Dit is min of meer die tameletjie waarmee prof. Naòmi Morgan, huidige Hoof van die Afdeling Frans van ons Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans gestoei het tydens haar jongste vertaalprojek.

Die Jacques Brel-vertaalprojek (sien: Sing in tale) het nie net gelei tot die eerste Afrikaanse CD van Jacques Brel-chansons nie, maar ook tot die publikasie van die eerste Franse vertaling van 'n *Bosveldgids* deur plaaslike fotograwe en skrywers. Op dié manier word die 'Afrika-skatte' nie net vir die Franssprekende sigbaar nie, maar ook verstaanbaar in hulle eie taal.

Die *Bosveldgids Game Drive* is een van die Van den Berg-gesin se topverkopers. Hierdie bekende fotograwe, Ingrid en Philip van den Berg, hulle sangerseun Herman van den Berg (wat self 'n uitstekende fotograaf is) en die ander, selfs bekender fotograafseun Heinrich van den Berg se pragpublikasies soos *Greater Kruger*, *Beautiful Kruger*, *Wild Heritage* en *The Art of Nature* kan op hul webwerf www.hphpublishing.co.za gesien word. *Game Drive* is 'n sakpasgids met pragtige foto's en 'n bondige, interessante teks deur Ingrid van den Berg.

Die toenemende aantal Franse besoekers aan Suid-Afrikaanse wildreservate en die vooruitsig van 2010 het die gedagte laat ontstaan om die gids in 'n paar Europese tale te vertaal. Die jare lange ontwikkeling van die

Brel-projek het hegte bande gesmee tussen die Van den Bergs en Kovsies se Afdeling Frans. Dit was byna vanselfsprekend dat die Franse vertaling van *Game Drive* 'n Kovsie-produk sou wees. Die uitdagings van so 'n vertaling is ... 'wild'! Veral wat die woordeskat betref. Selfs die heel beste Franse woordeboeke en ensiklopedieë het nie gelyke vir sekere plaaslike dier- en voëlsortse nie. Die omvang van die projek en die min tyd wat beskikbaar was voor die vasgestelde drukdatum in Singapore, was die inspirasie vir 'n Honneursprojek waarby twee studente (Frans Botha en Elize Joubert) ook betrek is.

Naòmi en dr. Eugène Visagie, vorige Afdelingshoof van die Afdeling Frans, was verantwoordelik vir die finale produk wat pas verskyn het onder die titel *Balades dans le bush*. Hierdie publikasie versinnebeeld die Afdeling Frans se missie om praktiese vertalers na en uit Frans op te lei en toon ook dat kennis van 'n Europese taal vrugbaar gekombineer kan word met ander spesialiteitsgebiede en veral in toerisme 'n belangrike rol kan speel. Meer belangrik: hierdie vertaling dien as noodsaaklike verwysingsbron vir ander, soortgelyke gidsse wat in opdrag van privaat wildplase met die oog op 2010 en daarna vertaal sal word. Vir die trotse medewerkers is dit 'n besondere publikasie wat die lof van ons plaaslike fauna en flora in die ander taal van hul hart besing. - **Naòmi Morgan en Cindé Greyling**



Johan Eksteen.

Johan een van SA se beste entrepreneurs

En van die Bestuurskool se voormalige MBA-studente, Johan Eksteen, is as een van die wenners in die Enablis FNB Launchpad Sakeplankompetisie aangewys. Volgens prof. Helena van Zyl, Direkteur van die Bestuurskool, is dit 'n enorme prestasie.

Die kompetisie is die grootste sakeplankompetisie wat tot nog toe in Afrika geloods is op soek na ons land se beste entrepreneur. R50-miljoen se sakefinansiering is bewillig deur verskeie waagkapitaalmaatskappye om innovasie in kleinsake-organisasies te motiveer en ter ondersteuning van groei tot groter besighede.

Johan se inskrywing was een van meer as 6 000 inskrywings wat ontvang is en sowat 2 000 sakeplanne wat deurgewerk is om by die 92 planne van die finaliste in die kompetisie uit te kom.

Johan, 'n Bloemfonteiner, het met die vervaardigingsektor prys weggestap met sy besigheid in die verpillingsindustrie. Met sy eie besigheid, Agricon Pelleting (Agricultural

Technologies Pty Ltd), voer hy grootliks unieke patentmasjiene vir verpilling na Europese lande, Australië en Afrika uit.

Die patent behels die kompaktering van verskeie los materiale wat tot sewe maal die volume verklein word weens die kompakteringsproses. Hierdie gekompakteerde pille kan gevoglik makliker per gewig vervoer word, voorkom vermorsing en dra by tot 'n skoner omgewing. In die vervoerbedryf sal dit tipies gebruik word om vermorsing te voorkom deur verbeterde opberging, hantering en minder seleksie deur lekkerbekkige diere. In die organiese bedryf word hoendermis en vermi-kompos byvoorbeeld meer ekonomies aangewend, aangesien die massa per volume sewe maal verhoog, die produk vloeibaar word en 'n aangenamer voorkoms het. In Europa word die masjiene onder andere aangewend om perdemis en ander ongewenste afvalstowwe te verpil om dit te verbrand in "pilstowe" wat vrylik op die ope mark beskikbaar is. Hierdie pil-stowe verwarm weer die huise,

stalle of industriële geboue as goedkoop energiebron.

Die Agricon-masjiene is tans die goedkoopste en kleinste opsie op die mark, wat dit ideaal maak vir Europeërs wat vir hulle antistortingsboetes op die hals haal vir hulle afvaldieremateriaal. In Amerika word dit aangewend vir houtafval soos saagsels en skaafsels. Met die resessie is die huismark stadig, minder huise word gebou en gevoglik wil almal houtpille invoer, wat die Agricon-pilmasjiene bitter gesog maak as 'n BEE mobiele fabriek wat na saagmeulens geneem kan word.

Hierdie is die nuutste ontwikkeling van hierdie jong maatskappy wat met die wen van hierdie entrepreneurskompetisie hopelik verdere befondsing kan bekom vir die uitbreiding van 'n eg Bloemfonteinse uitvoerproduksie.

Johan het 'n M.Sc. in Landbou aan ons verwerf en later sy MBA, ook aan die UV, met lof geslaag. Hy gee tans ook deeltydsklas by die Bestuurskool.

Spring vroeg weg – en doen dit reg!

Ben kan saam met jou kyk na jou geld- en versekeringssake:

- Gaan jy vanjaar aftree?
- Het jy beleggings, en hoe gaan dit met hulle?
- Is jy gerus oor ál jou finansiële sake?
- Voldoen jou versekerings aan jou huidige en toekomstige behoeftes?
- Het jy voorsiening getref vir ongelukke, inperking en ander onvoorsiene gebeure?
- Is jou boedel en testament in orde?

Dit is gewoonlik die mense wat sterk wegspring, wat eerste kom waar hulle graag wil wees.

**Ben Opperman**

Senior Onafhanklike Finansiële Beplanner
051 407 8156
082 457 2240
benoprmn@intekom.co.za

Sanlam CIO101MS0977BPA

GELISENSIEERDE FINANSIEËLE DIENSTEVERSKAFFER

 **Sanlam**
Ons dink vooruit

Prof. Van Aard and Liezel speak on poverty alleviation

Using their research, Prof. Van Aard Smit and Liezel Kotzé from the Department of Business Management are making their contribution towards the development of our province as well as the continent. They recently received an award for the outstanding paper they delivered on their research "Poverty alleviation through agribusinesses: The impact of customer/shareholder satisfaction". Van Aard and Liezel addressed delegates at the 6th International Conference on Entrepreneurship and Innovation for Poverty Alleviation that was presented in Maputo, Mozambique.



Prof. Van Aard Smit and Liezel Kotzé.

Here's to the HIV/Aids hero ...

On 1 December 2008 the Africa Centre for HIV/Aids Management at the University of Stellenbosch celebrated World Aids Day with their fourth Annual Aids Day Gala Concert. The aim of the concert was to heighten people's awareness of HIV/Aids and celebrate the heroes who successfully fight this virus on a daily basis.

Five ambassadors from our university had the privilege of attending this gala event and with performances by Golda Schultz, Jimmie Earl Perry and Soli Philander it turned out to be an unforgettable experience. A highlight of the evening was when Estelle Heideman, HIV/Aids Coordinator in the Faculty of Natural and Agricultural Sciences, was awarded the Rural Research Achievement Prize for her HIV/Aids-related work amongst farm workers in the Philippolis District.

According to Estelle the award was an unexpected surprise and has greatly inspired her to do even more in the fight against HIV/Aids.

Estelle also received the Faculty of Agricultural and Natural Science's Service to the Community Prize in October 2008. - Tarryn Nell

Martie van der Merwe, Secretary to the Chief Directorate Community Service on the South Campus, Tarryn Nell, Assistant HEAIDS Project (Higher Education HIV/Aids), Estelle, Rev Kiepie Jafftha, Chief Director Community Service, and Dalene Harris, Secretary in the Office of the Chief Director Community Service.



Prof. Frans Swanepoel.

Die Cronjés maak Kovsies trots

Niks minder as die beste is goed genoeg vir die Cronjé-gesin van Bloemfontein nie. Ma Sarina, werkzaam in die Sentrum vir Onderwysontwikkeling aan ons universiteit, pa Danie en broer Johan is almal bekendes in sportkringe. Kleinboet Danie, 'n kranige rugbyspeler wat ingesluit is in die Shimla-groep, is nie ver op hul hakke as dit by sportprestasies kom nie.

Sarina was tussen 1978 en 1981 die trotse draer van die groen en goud vir haar prestasies op die atletiekbaan (1500 m en 3000 m). Danie self het in 1981 die eer gehad om die Springbokbaadjie aan te trek vir sy vertoning in die 3000 m hinderniswedloop. Johan leef ook vir sy atletiek. Die nasionale kleure wat hy vir die 1 500 m in atletiek verwerf het (vanaf 2006 tot nou) en sy naam op die presensiels van menigte internasionale kampioenskappe, insluitende 'n Olimpiese Spele is meer as bewys hiervan.

En dan is daar Hendrik, die middelste boetie. Die naaste wat hy aan sport kom, is om "action cricket" saam met sy kollegas te speel. Ouens soos Kabelo, Marco, Xander, Vince, Altus – die ouens van die Laan. Dis reg. Hendrik Cronjé is 'n voormalige Kovsie en 'n uitblinker in eie reg. Hy vertolk die rol van Lukas in die sepie, 7^{de} Laan, wat weeksdae op televisie uitgesaai word.

Voordat Hendrik kykers op die kassie begin vermaak het, het hy BA Korporatiewe Kommunikasie hier by ons universiteit gestudeer. Hy was deeltyds 'n platejoggie by Kovsie FM. Volgens ma Sarina wou Hendrik nog altyd agter die skerms werk. Om sy spraak vir radiowerk te verbeter, het Hendrik klasse by die aktrise Brümilda van Rensburg geloop. Hy het 'n paar oudies bygewoon en in Desember 2006 het hy die oproep gekry om by die 7^{de} Laan-span aan te sluit. "Met geen drama-opleiding nie," sê ma Sarina.


"Dit was 'n aanpassing om hom op TV te sien, veral as jy sy persoonlikheid ken en sien wat hy doen. Aan die begin was ek so gespanne; maak die kind nie foute nie, het ek gewonder. Nou gee ek nie meer om nie. Dit is net lekker om hom elke aand op die TV te sien. Dit voel of hy hier in my sitkamer vir my kuier," sê Sarina.

Al is Hendrik redelik nuut in die vermaakklikebedryf het hy reeds iets in gemeen met ander bekende akteurs soos Antoinette Louw, Sekoati Tsubane (Kabelo), Annelize van der Ryst (Matrone) en Therese Benade.

Elkeen is 'n sukses en elkeen is 'n Kovsie ...



Sarina en Hendrik Cronjé.



Prof. Frans now Visiting Professor at Cornell University

Prof. Frans Swanepoel, Director of Research and Development and Professor at the Centre for Sustainable Agriculture and Rural Development, refuses to be complacent or to be satisfied with mediocrity. Prof. Frans was recently appointed as Visiting Professor at Cornell University, New York, USA. He has completed a five-month appointment as a Fulbright Professor at Cornell.

Prof. Frans and Cornell colleagues are collaborating on an initiative to revise agricultural education curricula in Africa, supported by the WK Kellogg and Bill and Melinda Gates Foundations. They are also working on a book, "The Role of Livestock in Developing Communities: Enhancing Multi-functionality", to be published in June this year.

Prof. Frans also investigated best practice and the latest developments in research management and innovation at a number of US universities and delivered the main paper by invitation at a workshop on Research Management at Emerging Institutions at the Society for Research Administrators' Annual Conference in Washington DC in October last year. – **Mangaliso Radebe**

Drama kry wiele met woema

Na jare van leen (Geologie se sleepwaentjie), huur en donasies (Lila die Audi) het die Departement Drama en Toneelkuns uiteindelik 'n nuwe ryding gekry, 'n splinternuwe Hyundai-trokkie. Personeel by dié departement kon skaars hul uitbundigheid betewe: "Ons moes altyd dekor op ons karre se dakke rondry; met ons nuwe trokkie is dit nou iets van die verlede."

Die Hyundai-trokkie se voorganger was 'n blou kombi met 'n naam, Komba. Min personeel en studente wat die afgelope drie dekades by die Dramadepartement gewerk en gestudeer het, sal vir Komba, wat vir 37 jaar dekor, kostuums en studente moes rondkarwei, vergeet.

Komba het nie sommer 'n kunstefees gemis nie, vertel prof. Nico Luwes,

vir baie staaltjies gesorg, soos die wegtrek in eerste rat wat die rathefboom halfpad in die paneelkassie gelos het en met die tweede rat op 'n onwelvoeglike manier tussen die passasier se bene beland het. Rekwisiete, dekor en kostuums is binne-in, bo-op en selfs agter in Komba se enjinholte vervoer.

Soos die jare hul tol geëis het en Komba verweer het, is handvatsels sommer met ingeboude kashandvatsels vervang. Nog baie "regmaaksessies" het gevolg. "Ons wou hom nog laat regmaak, maar die motorwerktuigkundige het gesê Komba moet nou rus. Hy is toe op 'n tender vir R1 500 verkoop," sê Emmie van Wyk, teaterbestuurder van die Departement Drama en Toneelkuns.



Drama se nuwe wiele, met prof. Nico Luwes agter die stuur. Ook teenwoordig was van links, voor: Annie Khumalo, Evelyn Mabaso, Stephanie Brink; middel: Pieter Venter, Douglas Merriman, Emmie van Wyk, Marijda Kamper, agter: De Beer Cloete, Gerben Kamper, en Thys Heydenrych.

Service Learning links with Appalachian State University

The fact-finding mission by the Appalachian State University (ASU, South Carolina) to amongst others our university turned into an opportunity for partnership and culminated in the signing of an agreement between the two institutions. Apart from the faculties that will form part of the collaboration, the Service Learning Division has also found its niche in the agreement.

The first delegation from ASU, with Prof. Jesse Lutabingwa, Associate Vice-Chancellor, and Shari Galiardi, Service Learning Coordinator, toured five of the sites where service learning modules are being implemented. Prof. Jesse and Shari identified opportunities for both research and community service collaboration in international ASU service learning programmes.

Contributions, sharing of experiences and networking facilitated a learning process and encouraged active participation among all involved. It is envisaged that reciprocal exchange of staff and students between ASU and our university will result from the visit and the signing of the agreement. - Dikgapeane Makhetha

SDS trusted name in research on student success

Our university has again proved itself to be an institution of excellence when the Division of Student Development and Success (SDS) received funding from the Council on Higher Education (CHE) for a national pilot study to identify the drivers of student success in higher education. According to Dr Francois Strydom, Director of SDS, this project positions our university as a leader in research on student success. The project forms part of the CHE's investigation into undergraduate education in South Africa, with the focus on student engagement.

"The project will help participating institutions to create the conditions that improve throughput and success rates of undergraduates by focusing on effective educational practices," Dr Francois said.

Aandmuzik Guest House



Aandmuzik offers 5 luxury en-suite double bedrooms, and two family rooms with private entrances overlooking the garden and swimming pool. Each room has a microwave, fridge (honesty bar), air-conditioning, TV with DSTV. A traditional continental English breakfast is served. Secure undercover parking with electric gate and electric fencing.

FACILITIES

- Internet, fax & photocopy facilities
- Playground for children
- Tea & coffee facilities
- Bar & lounge with fireplace
- Tapa, braai area and swimming pool
- Credit card facilities

Contact: Stella Theron – 082 447 9053
18 Dreyer Street, Universitas
WALKING DISTANCE FROM UNIVERSITY & VODACOM PARK



School of Nursing gets a R16m shot in the arm

The School of Nursing at our university has received a financial injection of R16-million spread over four years from The Atlantic Philanthropies, an international philanthropic foundation with a strong focus on community wellbeing and health care.

The money is part of R70-million donated to our university, the Tshwane University of Technology, the University of Fort Hare and the University of the Western Cape. It is said to be the largest single commitment of funds from a private donor for the training of nurses in South Africa.

According to the Head of the School of Nursing, Prof. Anita van der Merwe, part of the money will be used to establish a unique Virtual Health Teaching and Learning Facility on the Main Campus in Bloemfontein. The facility will be utilised for training students in a non-threatening, simulated environment – preparing nurses who will be capable of adapting and functioning optimally in a dynamic healthcare environment.

"The key objective is to build a facility with state-of-the-art equipment including software, hardware, a range of manikins and human simulators," she said. "The purpose is to integrate teaching and learning in a relatively flexible social space. It is a new model, a new way of thinking about the integration of theory and practice in nursing and the health sciences."

One of the biggest challenges, though, she said, is that nursing educators in colleges and universities are not that comfortable with, for example, advanced technology, IT and simulators.

"We need to train these educators, in the Free State Province and further afield, and we will also be introducing a new Master's Degree in Nursing Education that will include a specific course focusing on simulation and technology in nursing," she said.

"These postgraduate students will actually work in that facility to get hands-on experience and in turn be able to support undergraduate students."

The facility, which will accommodate about 60-80 students in an informal teaching and learning setting, is expected to be up and running in November this year.

A new Unit for Continuing Professional Development and Research Capacity Development to serve practising nurses and staff members of the School of Nursing will also be established. This Unit will focus on two areas of development.

"The inward focus is on empowering university staff, especially with scholarship and research, specifically targeting new staff members and staff from previously disadvantaged backgrounds so that they can have more opportunities to grow faster in terms of research scholarship. That is the area we need to strengthen within the School of Nursing."

"The outward focus is on professional nurses in the communities where we will identify their needs and provide them with professional development courses, short courses and workshops," she said.

These initiatives will result in a fully transformed and accredited portfolio of programmes at undergraduate, post-basic and postgraduate levels to meet the needs of a range of healthcare settings and learners.

"This is a dream come true," Prof. Anita said. "We put so much effort into the proposal that if we had not been successful we would have used it to get money from somewhere else. This is a special moment for nursing in South Africa and for nursing education specifically."

A number of activities to monitor and evaluate the project are also built into the project – ensuring that the project is achieving what it is supposed to achieve.

Programmes funded by The Atlantic Philanthropies operate in Australia, Bermuda, Northern Ireland, the Republic of Ireland, South Africa, the United States and Vietnam.

The UFS School of Nursing, which also celebrates its 40th anniversary this year, is the only university nursing school in the Free State and Northern Cape Provinces and produces professional nurses at undergraduate, post-basic and postgraduate levels. - **Mangaliso Radebe**

Prof. Anita van der Merwe.

Communication matters

Our university has once again set about to enhance students' experience of Kovsies, this time in a very innovative manner. The first four screens of some 29 planned LCD screens around campus were installed on the Thakaneng Bridge. These screens are all part of an Electronic Notice Board Network (ENBN) that was proposed by Student Development and Success (SDS) and Web Services to improve communication with commuter (city) students at our university.

Information gathered during student engagement research, consultation with commuter students and orientation evaluation data indicated a need for the ENBN. Data showed that commuter students were uninformed about campus activities. In a discussion with commuter students a participant summarised the experience of many commuter students as follows, "We have a 'don't-care' attitude because nobody does things to involve us in campus activities and the information posters don't attract us. The university can market events better at city residences and tell students of the benefits of these events."

The proposal for the ENBN coincided with proposals by the Residence

Diversity Implementation Committee for the installation of LCD screens in residence foyers to improve communication with students.

According to Dr Francois Strydom, Director of SDS, upon completion the ENBN will provide students with up-to-date information on campus events and academic activities. These screens will be placed at locations that will allow for maximum effectiveness, such as the Thakaneng Bridge, the Taxi Rank and some university exits to enable the university to communicate directly with the 30 000 commuters that pass through our university gates every day.

"It is hoped that the ENBN will promote and stimulate the use of technology in the support, the teaching, learning and communication to students. It will also be more environmentally friendly since it will minimise the use of paper and littering on campus," Dr Francois said.

Upon completion the network will be a communication channel that can be used by staff and students. It will enable various organisations on campus to advertise their activities at almost no cost, thereby creating a richer and more diverse campus community. - **Francois Strydom**



Prof. Lucius Botes.

New dean

The Faculty of the Humanities is a very large and diverse faculty. It presents a huge leadership and management challenge," says the newly appointed Dean, Prof. Lucius Botes.

However, he maintains he is up to the task. "It is vital that the faculty should ensure, through its education, research and community service learning endeavours, that we are indeed embedded and focused on the sustainable human development challenges of our time and of our context," Prof. Lucius says.

"To this end we need to effect a contextualised indigenisation of our curricula and research agendas."

He has outlined his vision for the faculty as follows:

- ensure that there is an increase in the quality and rate of our academic throughput and also an increase in the output of accredited research units;

Gesondheidswerkers leer gemeenskap oor diabetes

'n Span gesondheidsorgwerkers van die Departemente Interne Geneeskunde (Endokrinologie) en Menslike Voeding, die Vrystaat se Departement Gesondheid en die farmaseutiese industrie het almal saam gewerk en op 'n kreatiewe wyse, eie aan ons universiteit se streef na innovering, die Springfonteingemeenskap van diabetes bewus gemaak.

Leerders, sommige vergesel van hul ouers, het in groot getalle opgedaag om meer te hoor oor Tipe 1 en 2 diabetes asook die rol van 'n gesonde leefstyl in die voorkoming van diabetes. Elke leerder is van 'n gesonde kospakkie voorsien en inligtingstukke wat in verskeie van die amptelike tale beskikbaar was, is gretig opgeraap. Leerders is aangemoedig om hul bloedsuikervlakte te laat meet en hulle is ook geweeg en gemeet om hul liggaamsmassa-indeks te bereken. Sowat 187 leerders het aan die sittingsprosedures deelgeneem.

Volgens prof. Willie Mollentze, Hoof van die Departement Interne Geneeskunde, is die feestelike atmosfeer, waar die gesondheidswerkers met koersang en dans vermaak is, ietwat getemper deur die waarneming dat talle leerders ondermassa voorkom.



Petro du Plooy, verpleegkundige aan die Universitas Akademiese Hospitaal, en leerlinge van die Springfontein Hoëskool.

Die ondertekening van samewerkingsooreenkomste is 'n alledaagse verskynsel by ons universiteit. Om eerlik te wees, dis ook wat ek gedink het toe kollega Willem Ellis en ekself op pad was na Kranshoek, waar die hoofkwartier van die Griekwa Nasionale Konferensie (GNK) geleë is. Kranshoek is deel van die Plettenbergbaai-dorpsgebied en was vroeër 'n nedersetting waar hoofsaaklik Griekwas gewoon het.

Van vroegdag is daar vergadering gehou op die nabigeleë plaas van die Griekwawolk – Jakkalskraal – en het die Memorandum van Verstandhouding (MoU) tussen die Griekwa Nasionale Konferensie en ons universiteit sy finale vorm gekry sodat dit die middag onderteken kon word.

Later die middag is ons op 'n tradisionele Griekwawayse in die midde van die volk verwelkom. Die aangrypende lofgesange, oopregte gebede, onbeskaamde geloofskoppelings van die ondertekening van die MoU aan die visioene en voorspellings van die Kneg van die Griekwawolk, ook genoem die Kneg van God – Andrew Abraham Stöckenstrom le Fleur I, het bepaald die stemming van ons siening van ons universiteit se betrokkenheid by die Griekwawolk in 'n ander lig geplaas. Een van die uitsprake van die Kneg was: "Die geleerde sal more na julle kom." Die feit dat die universiteit bereid is om in 'n MoU die samewerking met die GNK te formaliseer, is 'n aanduiding dat die woorde van die Kneg waar geword het, het die seremoniemeester, hoofman Roy Williams met oortuiging gesê. "Vandag het die geleerde – die UV se afgevaardigdes gekom."

m
mense

spells out plans

- maintain a meaningful engagement through community service learning initiatives with responsive partners;
- enlarge our quality postgraduate component;
- invest more efficiently in our people, staff members (especially the younger ones) and encourage/support them to increase their levels of self-leadership to take responsibility for their own career paths;
- recruit and retain the brightest young talent in the faculty (starting at the third-year level through the Honours and Master's levels);
- mobilise and secure more third-stream income through partnership agreements in order to strengthen the faculty;
- establish more happy and satisfied scholars in the faculty (make the faculty a place of preference and not a place of default);
- play an active role in researching and teaching the issues of transformation, identity and healing on our campus;
- put mutually agreed strategic management mechanisms in place to improve implementation of agreed policies and plans;
- enhance participatory management through the participation of all Departmental Chairs/Centre Directors in the faculty;
- strengthen the current systems of decisive management, accountability and equity;
- play an active role in the academic clusters of the university;

- strengthen the outward thrust and external liaison of the faculty.
- Prof. Lucius said it was vital to adopt an asset-based approach in the strategic management of the faculty, to identify the strengths in the faculty and then mobilise maximum support for the performers while also searching for areas of potential and building capacity.

He also emphasised the need for decisive management to deal with people who constantly underperform.

“To maintain a viable output we also need to make innovative plans to broaden the research base of the faculty.”

"Research should never be the task of only a handful of National Research Foundation-rated researchers. Every academic staff member has a duty – and should feel the scholarly urge – to do research. You can only be a good lecturer if you are a research lecturer," he said.

Prof. Lucius will assume his duties as Dean on 1 March 2009.
- Mangaliso Radebe

UV vat hande met Griekwawolk

Onder leiding van die Opperhoof, Sy Edele Alan A le Fleur, het ons na die gedenktuin gestap waar sommige van die Griekwaleiers begrawe is. In die ryk skaduwee van die dennebome, met die monument as agtergrond en die volk as getuies is die MoU onderteken. Die heeltyd het die volk die Drie-enige God geprys en gedank met sang en voorbidding wat vir 'n mens hoendervleis laat kry het. Die absolute toewyding aan die gehoorsame navolging van God om die suksesvolle gang en ontwikkeling van die vennootskap verder te voer het ons almal tot diepe nederigheid en dankbaarheid gestem.

Met die ondertekening van die MoU het die partye onderneem om binne die raamwerk van ons universiteit se Free State Rural Development Partnership Programme (FSRDPP) die GNK by te staan in die lig van die ontstaan- en ontwikkelingsgeschiedenis van die GNK, wat baie nou gekoppel is aan Philippolis. Hierdie samewerking sal via navorsing, programme en projekte fokus op ekonomiese, opvoedkundige, staatkundige, kultureel/erfenis en sosio-maatskaplike aangeleenthede. Die partye sal ook die moontlikheid ondersoek om die haalbaarheid van die vervaardiging van 'n dokumentêre film rakende die rol van die Griekwa in die sentrale binneland, sy staatkundige modelle en die rol wat die Griekwa gespeel het in die vestiging van blanke setlaars in dié gebied en ander relevante raakvlakte te ondersoek en te implementeer. - Ds. Kiepie Jaftha



Cecil le Fleur, Voorsitter van die Raad van Hoofmanne van die GNK, ds. Kiepie Jaftha, Roy Williams, Sekretaris van die GNK, Sy Edele Alan le Fleur en Sammy Jansen.



First-years get geared for success

Start right! Kick-start your success at the university. This is the passion and the vision that the orientation team of the Division: Student Development and Success with Francois Strydom as Director has for first-year students at our university.

An orientation programme supporting the success initiative was rolled out for the second year at our university, firstly as "Build your future today" in 2008 and this year as "get.success@ufs". A goal of the orientation programme is to help students with the transition from high school to university and to encourage them to become part of the university community.

The programme provides assistance to students to succeed academically, promotes student interaction with as many members within the diverse student and campus community and creates opportunities for the values and traditions of the university to be communicated.

As part of the get.success@ufs programme students also attended a get.success week where they engaged in events, conversation and activities that enriched their educational experience and helped them to prepare for university life. Topics

that were covered included career planning and development, walking in someone else's shoes, drug and alcohol abuse, developing a game plan for success, Interaction IQ and managing one's finances. First-years also had the opportunity to visit the UFS Sasol Library and the brand-new multi-media PC centre, as well as participate in a host of sporting and cultural experiences.

For many parents, sending a child to university could be a daunting experience. Parents were therefore provided with support literature and presentations to help them understand the complexity and demands of the university environment and budgeting for a child's first year at university.

If students in your class are too busy meeting new people and trying out new things and have forgotten all about their game plan for success you can refer them to Kovsky TV (www.ufs.ac.za/kovsietv). With this web-based electronic support mechanism, launched this year, students will be able to view videos and presentations that were presented during the success week ... And perhaps you can help them to maximise their chances of success.



The get.success@ufs manual that was distributed amongst first-year students.

Bultjie A'Mama-Kierie-Kierie and Darwin

What a holiday! Did you swim with crocodiles? Did you dive with sharks? Did you finally take the bungy jump? Or did you do the most dangerous thing – inviting friends over for a braai. Every day a fresh team arrives. Ek ken 'n paar dosente wat net hier in Bloemfontein by die huis bly en rustig laat slaap. Hulle lyk baie varser as almal wat see toe gejaag het en weereens Fauna en Flora tot op die bodem toe opgeëet het. Ek sweer net ou Charles Darwin het op sy Beagle-trippie van vyf jaar op die vreemdste plekke meer spesies geëet as ek hierdie vakansie. Een akademikus het die aand tot halfdrie gekuier en die volgendeoggend gebel om te sê dat hy sesuur die Saterdagoggend deur sy tuinwerker wakker geklop is. Strompel hy toe na die deur toe en sluit oop. Al wat hy toe sê is: "Johannes ... gaan werk in die tuin ..." en daar spring hy weer terug in die bed! Wat Johannes dié dag met die vae opdrag uitgevoer het, weet ek nie!

Sjoe, maar Volhoubare Landbou spring vanjaar weg met 70 meestersgraadstudente! Dit wil gedoen wees! Sterkte aan die studieleiers daar – julle gaan hop om dit vol te hou! Prof. Van Aard Smit and Ms Liezel Kotzé recently received an award for the best paper delivered during the 6th International Conference on Entrepreneurship and Innovation for Poverty Alleviation in Maputo, Mozambique. Did you have time to visit the coast and dive with the sharks? What a lovely place ... Mozambique. Some say it's a safer place to enjoy a holiday than Durban!

By the time this *Dumela* appears we will probably

know who our next Rector and Vice-Chancellor for the University of the Free State will be. May the best candidate win and take us on a peaceful road to the future. Bultjie must say, we shall miss Prof. Teuns Verschoor who acted as Rector during the last few months. Have you also noticed that he actually grew a bit taller from sitting in that hot seat!

Interessante dinge is aan die roer met Diensleer op die kampus en in die gemeenskap. Bultjie weet van 'n honneursstudent wat 'n maand lank met weeskinder op Hertzogville gaan werk. 'n Ander student het verlede jaar pragwerk met gestremdes by die Bartimea-skool gedoen. Samewerking tussen derdejaar mediese studente en ander vakgebiede uit Geesteswetenskappe en Regte om die infliting oor die implikasies van aborsies, aanneming, ens. aan te spreek skop sommer binnekort af en ek kan nie wag om die resultate te sien nie. Die punt is: almal is besig om van ivoortorinkies af te klim en Samelewingsdiensleermodule met kreatiwiteit en entoesiasme aan te pak. Die nuwe dinamika doen veel om Kovsies weer as ons almal se plek in die provinsie te bevestig. Ek het julle mos laas jaar gesê – Vrystaters doen dit anders.

Op sportgebied roer die dinge ook. Ons hoop mnr. Mickey Gordon, Hoof van Strategiese Sport en Besigheidsontwikkeling, saam met Fabian Gregory, Lindsay Wright en El-May Pelser, kies 'n paar talentvolle Kovsies vir die Nasionale hokkiespan. Wat noem hulle hulself nou weer? A'Mama-Mama-Kierie-Kierie? Hoede af

vir Sarah Shannon, ons uitblinkerswemmer en KwaZulu-Natal se Premier Sportvrou vir Gestremdes van die jaar. Tans is sy nommer twee in die wêreld vir kort afstande en nommer elf in die langafstande in die wêreld! Mooi! Wie sien kans om haar aan te vat vir die Midmar-my? Daai vyf Kovsies in die Springbokrugbyspan – ons verwag net volspoed-pale-toe van Heinrich Brüssow, Juan Smith, Bismarck du Plessis, Gürthro Steenkamp, Ruan Pienaar en CJ van der Linde. Jannie Dup – staan reg! Nou maar goed, almal is nie meer Vrystaatspelers nie, maar hulle is onse dam se ganse! Soos Jan Rabie se ingenieur in 21 vir sy robot sê: "Ek het jou dan self gemaak, Andries!" Dis nou ons afrigers se werk hier op Shimplapark.

Prof. Fanie Snyman van teologie se joppie by die uitsaaipaneel vir godsdienstige programme by die SABC gaan omrent so moeilik wees soos prof. Jo van As se werk vanjaar om die Darwin-herdenking op gladde wiele deur te voer. Prof. Fanie moet harmonie skep tussen al die gelowe in Suid-Afrika om regverdigte uitsaaityd te bepaal. Aan die ander kant moet prof. Jo se program vrede en vertroue tussen die wetenskaplike wat met die evolusieteorie werk en religieuse groepe in Suid-Afrika teweeg bring. Bultjie vertrou dat die twee manne dit gaan regkry! Ek meen, Kovsies het mos integriteit!

So, sterkte vir die jaar! Die eerste kwartaal is gelukkig amper om!

Bultjie